Christus regeer oor sy kerk

> *“ ’n Koning regeer. Hy beskik oor die hoogste mag en gesag. Dit vra van sy onderdane dat hulle hul aan sy gesag moet onderwerp en sy opdragte moet uitvoer.”*

Na regte is daar net een ware Koning wat waarlik regeer, en wat by magte is om te regeer. Daardie Koning is God Self. En God het in sy raadsplan besluit om die regeermag aan Jesus Christus, die Middelaar tussen God en mens, oor te dra. Só regeer God in Christus oor sy kerk. Daarom het die Vader aan Christus alle mag in die hemel en op aarde gegee (Matt 28:18). Vanaf sy hemelvaart sit Hy nou aan die regterhand van die Vader vanwaar Hy as die alleenkoning oor alle dinge regeer.

Daarmee saam regeer Christus in die besonder oor sy kerk op aarde. “Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk” (Ef 1:22). Die kerk is die geroepe gelowiges wat saamkom op grond van hulle geloof in Jesus Christus as hulle enigste Saligmaker. Hulle erken die Koningskap van Jesus Christus. Hulle buig voor hulle Koning, Jesus Christus, en verbly hulle met dankbaarheid oor dit wat Hy in hulle, vir hulle en met hulle lewens doen. Daarom is hulle gehoorsaam aan sy wil volgens die Woord. Daarom dien en volg hulle Hom met liefde, met oorgawe en met toewyding.

Wat leer die Woord ons oor Christus se regering? (Hoe regeer Hy oor sy kerk?)

Christus het nie maar die regering van sy kerk oorgedra aan ampsdraers of selfs aan sy Heilige Gees nie. Hy regeer oor sy kerk deur Self aktief in sy kerk teenwoordig te wees.

Openbaring 1:13 beskryf Christus waar Hy tussen die sewe kandelare/lampe is. (Die lampe verwys na die gemeentes, en die getal sewe is die simbool van die ganse kerk op aarde.) Hy is by sy kerk. Midde-in sy kerk. Besig met sy kerk. Deur sy Godheid, majesteit, genade en Gees is Hy in sy kerk teenwoordig.

As Hoof van die kerk regeer Christus ook deur sy Woord en Gees (Joh 15:26; 16:7). Tog regeer die Gees nie in die plek van Christus nie, maar die Gees bring gelowiges na Christus toe en maak hulle aan Hom gehoorsaam. Die Hoof van die kerk, Jesus Christus, gebruik die Woord in sy regering van die kerk. Die Heilige Gees gebruik dieselfde Woord om gelowiges na Christus toe te bring.

Waarin sien ons onder andere Christus se regering oor sy kerk?

Hy werk wonders in die harte van mensekinders. Hy verwyder die klipharte van goddeloses en bring hulle daartoe om die eer en lof aan Hom te gee. Só bring Hy mense tot geloof en tot bekering. Hy gee sagte harte en diepe berou en hartsverandering as bewys van die onweerstaanbare werking van sy Heilige Gees.

Ja ... Hy werk wonderwerke in die harte van mensekinders.

Hy hou sy kerk staande te midde van aanslae van buite. Hy gee aan sy kerk leefruimte ten spyte van beproewings. Hy gee geloofsblydskap midde-in beproewings. Hy gee worsteling sodat daar

verdieping en geloofsversterking daaruit kan voortvloei. Hy gee geloofsvisie ten spyte van aardse onreg. Hy gee roepingsgetrouheid te midde van worstelinge. Hy laat gelowiges volhard in die geloof ten spyte van verleidinge en die aanslae van die bose.

Ja ... Hy regeer ook oor die beproewings wat oor die gelowige se lewenspad kom, en dra hulle in hulle worstelinge.

Hy gee krag en gesondheid en geleenthede om as profeet, koning en priester te kan optree. Hy gee die geleentheid om meestal onverhinderd die evangelieboodskap te kan uitdra. Hy gee die geleentheid om, waar daar weerstand teen die geloof is, vir Hom te kan getuig.

Ja ... Hyself bou sy kerk op aarde uit.

Hy gee geloof, hoop en liefde midde-in ’n goddelose wêreld. Hy gee onderlinge geloofsbande en die gemeenskap van die gelowiges. Hy gee verbondsbande van huisgesinne en families. Hy gee sagte antwoorde wat die grimmigheid afkeer en wat mense se oë oopmaak om God agter mense en hulle optrede raak te sien. Hy gee dat verbondskinders met verwondering oor God se genade tot erkenning en belydenis kom van hulle geloof in die Drie-enige God.

Ja ... Hy gee gelowiges wat Hom tesaam met oorgawe en toewyding dien.

Hy gee sy Woord wat voortdurend bestudeer kan word. Hy gee sy Gees wat ons lei in die verstaan van die Woord. Hy gee sy skepping waarin ons Hom en sy grootsheid kan raaksien en waardeer. Hy gee Homself deur daadwerklik oor sy kerk te regeer en te bly regeer. Hy gee Homself en bring ons daardeur in diepe verwondering oor sy genade en seëninge in menselewens. Hy gee Homself en maak sodoende dat sy kerk waarlik kan kerk wees tot eer en verheerliking van sy grote Naam.

Ja ... Hy gee aan sy kerk alles wat nodig is om Hom reg te ken en te kan dien.

Hy bring die eiegeregtige van sy troontjie af sodat hy met deernis en ’n sagte hart en met ’n oop oor aandag gee aan dié een wat hom nodig het. Hy gee finansiële middele sodat daar kan kerk wees. Hy gee afhanklikes en bring armes en siekes en lydendes oor ons pad sodat ons ons afhanklikheid van Hom des te meer besef. Hy gee verstand sodat daardie verstand sy beperkinge kan erken en kinderlik, opreg voor God en sy wil buig. Hy gee dikwels ’n anders as verwagte verloop van omstandighede sodat Hy steeds erken word as die ware Bepaler en Regeerder oor ons deel en lot. Hy gee diepe, onuitspreeklike troos en vrede by ’n sterfbed, omdat die sekerheid van die ewige lewe die hartseer van die dood verreweg oortref.

Ja ... Hy gee wat nodig is om ons oë op Hom vasgenael te hou.

Jesus Christus doen dit alles en nog veel, veel méér. So regeer Hy oor sy kerk op aarde.

Wat vra die erkenning van die Christusregering van ons?

Kortliks saamgevat: Dat ons voor Hom as ons Koning en voor sy wil moet buig. Dit beteken nie alleen om Hom as Koning te erken nie, maar dat ons Hom getrou navolg en dien volgens die eis van sy Woord.

Hoe behoort dit my as gelowige te raak? Ek moet self buig voor God se Woord. Dan toets ek myself in die lig van die Woord. Eerlik en opreg ondersoek ek myself. My hartsbegeerte bly in die woorde van Jeremia 31: “Bekeer my, Here, sodat ek my bekeer.”

Hoe behoort dit ons kerkwees as plaaslike kerk te raak? Ons toets onsself voortdurend aan die Woordeise wat die Here aan ons stel. Is ons nog ware kerk wat deur die suiwere prediking, die gebruik van die sakramente volgens die Skrif, en die toepassing van die kerklike tug ons lig in hierdie wêreld laat skitter?

Hoe behoort dit ons optrede binne kerkverband te raak? Dat ons eerlik en opreg teenoor mekaar is in die wyse waarop ons ons verskille met mekaar hanteer. Daarom handhaaf ons die besluite wat ons gesamentlik geneem het, en doen ons wat ons teenoor mekaar onderneem het om te doen. Waar ons beswaar wil maak of teen besluite wil appèlleer, doen ons dit met die verwagting dat

sake met eerlikheid en opregtheid aangehoor en aan Skrif, belydenis en kerkorde getoets sal word.

Slot

Die kerk behoort aan Christus. En Hy regeer oor sy kerk op aarde. Hy is by sy kerk voortdurend daarmee besig (Matt 28:20). “Daar is niks wat Hom kan hinder, wat sy magsvermoë stuit. Wat kan sluit as Hy wil open, wat kan open as Hy sluit.”

Só vergader Hy sy kerk. Só regeer Hy oor sy kerk. Met daardie troos kan die kerk van die Here lewe. Die gelowige weet dat hy met liggaam en siel aan die Koning van die kerk behoort. Hy het ons met sy bloed gekoop. Ons is syne sy ... duurgekoopte eiendom en geliefde kinders.

Wat ’n wonderlike troos ... ons enigste ... troos het ons in lewe en in sterwe!

Jac Howell

© 2016
www.christelikemedia.org